

4 Julie 2021

Hoërskool Kategese

Markus 6:1-13



wat wil jy vandag bereik?

Kom ons gesels oor:

1. Jesus wat in sy eie tuisdorp misluk. Hoe help dit ons?
2. Waarom sukkel mense om in Jesus te glo?
3. Ons strategie om mense met die evangelie te bedien.

Ter wille van gemeentes
wat gewoon is aan die ritme
van Kontak-kategese,
plaas ons in hakies
hoe dit in daardie raamwerk inpas.

Besef egter asb. dat NOUS weggestap het van
Kontak-kategese. NOUS se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons
het dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede
van die NOUS span te nooi
om opleiding rondom hierdie metodiek
te kom aanbied.

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Wys vir mekaar een of twee van die beste 'fail compilations'
op YT. Een van my gunsteling is:
<https://youtu.be/DnEHMAhQUZM>

Hoekom is dit vir ons so snaaks om ander mense te sien
misluk/val/hulself seermaak?

As julle die *guts* het, vertel mekaar van 'n keer toe jy in iets
misluk het. Het mense vir jou gelag? Hoe het jy gevoel?

word stil

Laat almal 'n gemaklike plek kry om te sit.
Elkeen kry 'n papier en pen óf jy kan op 'n bord skryf óf op
Powerpoint tik:

Skryf een sin lofprysings neer ogv Psalm 48.

Bv. U is ons Groot Koning!

Lees nou die hele Psalm 48 stadig deur.
Onthou dat ons nou self die tempel is – God is binne-in ons.

GOD se storie wat sê die Bybel (daar en dan)

lees Markus 6:1-13 saam as 'n groep

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.



gesels dan oor die volgende saam

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.

Hoekom dink julle het Jesus eers na die sinagoge toe gegaan? Wat is 'n sinagoge? Wat is die doel van 'n sinagoge?

Aanvanklik het die mense gedink Jesus is *awesome* – maar dan verander hulle hul opinie oor Hom. Hoekom dink julle het dit gebeur? Lees vers 2-3 in *The Message* en kyk of dit julle nie help nie.

Gewoonlik is daar na mense in daardie tyd verwys as die 'seun van Dawid' of die 'dogter van Benjamin' – altyd die pa en eintlik nooit die ma nie. Hoekom dink julle word hier na Maria verwys en nie na Josef nie?

Betekens vers 5 dat Jesus ons net kan help, kan gesond maak, as ons glo? Betekens dit dat Hy nie ongelowige mense kan help nie?

Die mense van Nasaret klink baie soos die mense in die wêreld waarin ons nou woon. Hoekom sukkel mense so om in Jesus te glo?

Hoekom het Jesus die dissipels so onvoorbereid uitgestuur. Ons sê dan altyd "If you fail to plan, you plan to fail". Wou Jesus dan hê hulle moes misluk?

Wat was die doel van die staf wat hulle kon saamneem? Was dit net 'n stapstok of het dit dalk simboliese betekenis gehad?

Wat het dit geestelik beteken dat hulle die 'stof van hulle voete afvee'?

Wat sê die gedeelte vir ons oor mislukings? Hoe dink jy voel die Here oor ons as ons Hom drop of teleurstel?

Ons is deesdae huiwerig om mense van Jesus se liefde te vertel, ons is so bang ons gee aanstoot ('offend') en word dan ge-*cancel*. Hoekom is *cancel culture* so gevaarlik? Wat moet jy doen as jy ge-*cancel* word omdat jy aan die Here gehoorsaam is?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Die skrywer Elie Wiesel sê: "it is not given to man to begin; that privilege is God's alone. 'But it is given to man to begin again...'"

God help ons om oor te begin.

Waarmee moet Hy jou die week help om oor te begin?

Waarvoor wil jy die Here hierdie week blindelings vertrou?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding

"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis

"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding

"Ek bid vandag vir..."

Danksegging

"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding

"Here, help my om..."

